NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbeleidenis

*ahv Johannes 1 met Apostoliese Geloofsbelydenis*

## AHV JOHANNES 1 MET APOSTOLIESE GELOOFBELEIDENIS

**Voorganger:** Alles het deur Hom tot stand gekom:

**Gemeente:** nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.

**Voorganger:** In Hom was daar lewe

**Gemeente:** en dié lewe was die lig vir die mense.

**Voorganger:** die duisternis kon dit nie uitdoof nie (uit Joh 1:3-5).

**Almal:**
Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel
dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

(Uit Bybelmedia se Woord en Fees 2015-16)